DR H.R MORKEL INC

Reg. No./Nr. 1999/17806/21 Practice No. / Praktyk Nr. 2500035

We, at Dr HR Morkel Inc. strive to constantly improve health care by staying abreast of the latest innovations in nuclear medicine and molecular imaging.

We have the momentum to further develop and consolidate our specialised medical establishment, we are dedicated to promoting the science, technology and practical clinical applications of molecular and nuclear imaging that improves the diagnosis, management and treatment of women, men and children benefiting countless generations of patients.

KONTAK ONS:

Panorama
021-930 4734

Cape Gate
021-981 9211

Somerset-Wes
021-851 1163

George
044-875 0055

Besoek asb ook ons webwerf:
www.morkelnucmed.co.za

DR H.R MORKEL INC

Reg. No./Nr. 1999/17806/21 Practice No. / Praktyk Nr. 2500035

MIOKARDIALE PERFUSIE STUDIE "MIBI"

Ons wil graag hê u moet korrek voorberei wees voor u ondersoek. Lees asseblief hierdie brosjure aandagtig deur voor u vir u ondersoek kom.

Hoekom word die studie gedoen?

U verwysende geneesheer wil graag bepaal hoe die bloedvloei in u hartspier lyk.

Dit sal hom 'n aanduiding gee wat die beste behandeling vir u sal wees.

Hoe word die studie gedoen?

Die studie bestaan uit 2 dele: "n "oefenings"gedeelte en 'n "rustende" gedeelte.
Gedurende beide van hierdie dele sal u 'n inspuiting kry wat 'n klein bietjie radioaktiwiteit bevat. Hierdie radioaktiwiteit word dan in die hartspier vasgevang.
Na 'n sekere wagperiode sal u onder die gespesialiseerde kamera geplaas word sodat ons beelde kan neem van u hart.

Die kerngeneeskundige spesialis sal dan na hierdie beelde kyk en dit interpreteer.

Ek kannie oefen nie of sukkel om te loop – hoe nou?

Indien u nie kan oefen nie kan ons steeds hierdie ondersoek doen.
Ons sal ons vir u 'n tipe "medikasie" gee wat die hart sal laat(fisiologies) respondeer asof dit wel oefen.

Daar is 2 verskillende tipe "medikasies" wat ons kan toedien en u dokter en kerngeneeskundige spesialis sal besluit watter die beste sal wees in u unieke situasie.

Vermy asseblief ENIGE kaffeien-bevattende drankies of medikasie 24 uur voor die ondersoek. Dit sluit koffie, (selfs"decaf" koffie), sjokolade, verskeie oor-die toonbank medikasies (soos "grand-pa" en sommige hooikoors medikasies) en drankies soos "Coke" of "Coke-light" in.

Is daar enige nadelige efffekte van die radioaktiwiteit?

Nee. Die radioaktiewe inspuiting sal u nie enige newe-effekte bv dronk-kop, naarheid ens. laat ervaar nie.

Gedurende die ondersoek, en spesifiek gedurende, die oefenings-deel word u EKG, pols en bloeddruk noukeurig gemonitor om seker te maak u ervaar nie gevaarlike simptome nie.

Voor en na die ondersoek.

Sommige medikasie moet voor die ondersoek gestaak word, dit is meestal bloeddruk en hart medikasie. Bespreek dit asb met u verwysende dokter of u kerngeneeskundige alvorens u kom vir die ondersoek. Diabetiese medikasie hoef NIE gestaak te word NIE.

Na die ondersoek kan medikasie soos normaal geneem word.

Hoe lank duur die ondersoek?

Die ondersoek neem 'n minimum van 3 ure om te voltooi. Bring gerus vir u iets saam om te doen (bv 'n boek) terwyl u wag tussen die inspuiting en beelding.

Kan ek eet voor die ondersoek?

Ja, u kan 'n klein ontbyt eet die oggend voor die ondersoek. U is ook welkom om vir u iets saam te bring om te eet terwyl u wag tussen die ondersoeke.

Kan ek hierdie ondersoek kry as ek swanger is of borsvoed?

Ons sal verkies om eerder nie die ondersoek op swanger vrouens te doen nie. Stel ons asseblief vroegtydig in kennis as u borsvoed vir korrekte voorbereiding en voorkomings maatreëls na die ondersoek.

Stel ons asseblief in kennis indien u moontlik swanger is OF as u borsvoed.

Wanneer sal ek my uitslae kry?

Nadat u ondersoek voltooi is sal die kerngeneeskundinge die beelde verwerk en bestudeer. U resultate sal aan u verwysende geneesheer gestuur word, meestal later dieselfde dag.